26 November 2018

Beste Ouers

VOEDINGSAREA EN TAALBELEID

Die Gautengse Departement van Onderwys ("GDO") het op 27 September 2018 skriftelik kennis gegee dat daar beplan word om Laerskool Fairland se voedingsarea te wysig en te verklein. Ons het julle tydens die Algemene Jaarvergadering hiervan in kennis gestel en ook dat die beheerliggaam beswaar gaan maak teen die voorgenome verkleining van die area.

Met die hulp van twee van ons ouers, me. Estée Campher, 'n praktiserende stads- en streeksbeplanner en mnr. Johann du Plooy, 'n prokureur wat spesialiseer in eiendomsreg, het die beheerliggaam op 19 Oktober 2018 ons skool se skriftelike beswaar ingedien.

Die goeie nuus is dat die skool se beswaar gehandhaaf is en dat ons voedingsarea onveranderd gebly het.

Die kaart van die voedingsarea soos dit nou deur die GDO bepaal is en wat vir die volgende 3 jaar in plek sal wees, is hierby aangeheg vir julle kennisname.

Die GDO beoog om elke 3 jaar die voedingsarea te hersien soos en wanneer die demografiese samestelling van woonbuurte kan verander.

Ons is ook dankbaar om te noem dat ons taalbeleid deur die GDO goedgekeur is en dat ons erken word as 'n Afrikaans medium laerskool.

Laerskool Fairland streef daarna om 'n goeie verhouding met die GDO te handhaaf.

Vriendelike groete

JOHAN KILIAN
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

WILLIE GOOSEN
HOOF

MAP SHOWING FINAL DETERMINATION OF FEEDER ZONE OF LAERSKOOL FAIRLAND 700140244



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DISTRICT: JOHANNESBURG NORTH
INSTITUTION:
LAERSKOOL FAIRLAND
EMIS NUMBER: 700140244

CIRCUIT NUMBER: 4
CLUSTER NUMBER: 1

ADDRESS:
145
MARKET STREET
FAIRLAND
FAIRLAND
JOHANNESBURG

LATITUDE: -26.134777
LONGITUDE: 27.939202

LEGEND

SCHOOL

FEEDER ZONE

Locality in Gauteng Province

Production date: November 2018
Prepared by: EMIS

Data Sources:
OpenStreetMap and Contributors
Gauteng Department of Education



Copyright © 2018 Gauteng Department of Education: EMIS